WEL EN WEE VAN DIE MILITêRE VETERANE : BERIG 04/2018
14/03/2018

WEE VAN DIE VETERANE

1. Passing of Ray Eberlein of the SAN

Arne Soderland advises "… with deep regret that R Adm Ray Eberlein passed away in Pretoria on 24/02/2018. Our sincerest sympathy to Jeanette and his sons Eric and Brian. The funeral service took place at the NG Gemeente in Lyttelton, Pretoria, on 02/03/2018". See par 12 here below for the tribute.

2. Afsterwe van André Kritzinger van die SALM

Johan Brink van die SA Leër verwittig met leedwese "… dat André, 'n afgetrede Personeeloffisier, op 02/02/2018 sy stryd teen kanker in Bloubergstrand verloor het. Hy is op 06/02/2018 in die Durbanville Gedenkpark, te Fisantekraal ter ruste neergelê".

3. Passing of Sapper C.V. Harris

Jock Harris of 32 Bn advises with regret that "… my father had passed on to higher service on 21/02/2018 at the age of 95 years. He was a veteran of the campaigns in North Africa and Italy during WW2 and took part in the battle at El Alamein. May he rest in peace. Old soldiers never die, they simply fade away".

4. Afsterwe van Leon Schnetler van die ADK

* Leon se dogter, Irma Schnetler-Ras, verwittig met leedwese "… dat dit 'n groot skok was toe my Vader op 14/02/2018 aan huis aan vermoedelik 'n bloedklont deur die hart oorlede is. Behalwe vir die uitdaging met Alzheimer se Siekte was hy andersins gesond. Ek sal vir die res van my lewe onthou dat hy 'n vrede gehad het wat slegs ons Vader vir hom kon gee. My Pa het baie staaltjies vertel oor sy sy wonderlike kamerade in die SAW. Ons wil vir die Veterane dankie sê dat my Pa 'n deel van so 'n kosbare familie kon wees. My e-posadres is **Irma.s@absamail.co.za**"

* Tinus de Jager van die Infanterie voeg by "… dat Leon einde 1964 by die SA Mil Akad met 'n BCom kwalifikasie afgestudeer het. Hy is redelik vroeg uit die SA Leër, maar ons Akademie-groep het kontak behou. Die begrafnis het op 02/03/2018 vanuit die NG Gemeente Lyttelton plaasgevind".

5. Passing of Johan de Kock of the SAN

Arne Soderland advises with "… the deepest regret that of the passing of Johan on 21/02.2018 after being admitted to 2 Mil Hosp. Our sincerest sympathy to Ena and son Jacques. The funeral service took place on 27/02/2018 at the AVBOB Chapel in Wynberg, followed by a wake at the Kelvin Grove Club in Newlands".

6. Passing of Edmund 'Eddie' Gillen-Buchert of the SAN

Arne also advises with "… regret of Eddie's passing at 2 Mil Hosp on 16/02/2018 after a long fight with cancer. We extend our sincere sympathy to his wife, Merwyn and their children, Adrian and Frania".

7. Afsterwe van Jos Chadinha van Afd Inl

Johan van Wyngaard van Leërinligting verwittig met leedwese "… dat Jos op 22/01/2018 in Bloemfontein aan 'n hartaanval oorlede is. Sy roudiens het op 27/01/2018 vanuit die NG Gemeente Pellisier in Bloemfontein plaasgevind".

8. Afsterwe van Marthina (Tina) Bruyns van die Seiners

Deon van Zyl van die Seiners verwittig met leedwese "… dat Tina op 05/03/2018 oorlede is nadat sy 31 dae vantevore in 'n motorongeluk was. Ten tye van haar dood was sy woonagtig in Kaapstad".

9. Afsterwe van Bets : Weduwee van Wyle Genl Frans van den Berg van die Geskut

Attie Keeve van die Infanterie verwittig met leedwese dat Bets se dogter, Elsa Yaffe, hom in kennis gestel het "… dat Bets op 13/03/2018 oorlede is. Bets het na 'n kort siekbed rustig aan huis in Pretoria heengegaan. 'n Privaatverassingsdiens word gehou. Elsa se selno is 083 309 7887".

10. Afsterwe van Jaco De Jager van Krygkor

Genl Georg Meiring verwittig met leedwese "… dat hierdie vriend van baie van ons op 23/02/2018 na 'n lang stryd met kanker oorlede is".

11. Terugslag vir Dennis Shone van die Infanterie en Leërinligting

As Kleynhans van die Lugafweer rapporteer dat "...Dennis op 05/03/2018 'n hartaanval gehad het en na verpleging in die hospitaal weer op 06/03/2018 ontslaan is. Daar word beplan dat Dennis 'n hartomleiding sal ondergaan sodra hy sterk genoeg is".

PERSOONLIKE BOODSKAPPE

12. Boodskap vanaf Lt-genl Reg Otto : Voormalige H Leër

"Ek wil graag namens al die Veterane vir Tony Dippenaar en sy span van die Mediese Aksiegroep en AP Stemmet en die lede van die Pensioen-Monitorgroep ons dank en waardering betuig vir hulle onbaatsugtige arbeid om in ons almal se belang op te tree. Hulle bereidwilligheid om op hierdie wyse na ons belange om te sien sal altyd onthou word".

13. Tribute to R Adm (Dr) Ray Eberlein of the SAN. The following condensed tribute appeared in Spindrift, the Newsletter of the Naval Officers' Association of Southern Africa:

Adm (Dr) Ray Eberlein had gained B Sc (B Mil) degree at the SA Mil Acad and was one of the original team that started Navy News in 1966 and wrote and published a successful book '*Lifestyle Changes – To Beat Addiction'* in 2010. He was a noted specialist in the human resources field, a registered Master Personnel Practitioner, a Fellow of the Institute of People Management and Professor Extraordinary in Personnel Management at the University of Pretoria after obtaining a Doctorate in Education. In 1992 after retiring from the SADF, he was appointed to the Executive of the Navy League.

MILITêRE AANGELEENTHEDE

14. Deployment of Vessels of the USN

Arne reports in his MN that of the full complement of combat ships numbering 280 vessels, 70 or 25% of the full complement are at present at sea!

15. America's Next Warplane Could Be from the RSA

Arne reports that America's next warplane could come from the RSA, as the Mwari, the first warplane entirely designed and developed in Africa, has been rebranded as the Bronco II for the American market and is seeking to join the USAF as a new light attack aircraft. Mwari was developed by Aerosud and the Paramount Group, as an inexpensive but capable aircraft to equip Africa's air forces. The aircraft first flew in 2014 and in 2016 the developers announced an agreement with Boeing to develop an integrated mission system for the Mwari, with an emphasis on intelligence, surveillance, reconnaissance and light strike. The high wing, push propeller aircraft is powered by a single Pratt & Whitney engine providing 950 horsepower, has a crew of two, can carry a payload of 1,760 pounds and has a top speed in excess of 272 knots. It has a ceiling of 31 000 feet and can take off in just 1 800 feet of landing strip. It can stay aloft for up to 7.5 hours.

MILITêRE MEDIESE VERSORGING

16. Mediese Diens by 3 Mil Hosp in Bloemfontein

Johan Van Wyngaard van Leërinligting verklaar dat hy "… uit persoonlike ervaring wil noem dat die hospitaal vir geen ander in Bloemfontein hoef terug te staan nie. My vrou was in die laaste vier maande vir twee mediese prosedures opgeneem en het goeie behandeling ontvang. Van my familie doen daar diens as mediese personeel en hulle is beindruk met die netheid en toestand van die hospitaal, fasiliteite en die diens wat die personeel lewer. Die enigste en grootste probleem is die Apteek en die bestuur daarvan".

17. Malan (Barrie) Barnard van die SALM

"Ek deel die kommer oor die gesonde voortbestaan van ons Fonds en het veral 'n probleem met die groot getal sogenaamde veterane wat skielik by ons plaaslike Siekeboeg voordele uit die fonds begin kry. Hulle het nooit bygedra nie en sommige het uitgebreide families. Die Staat behoort vir hulle kostes te betaal. Dit is 'n kwessie waaraan die Aksiegroep asseblief aandig moet gee.

Een lid kla omdat hy self vir een gehoorstuk moet betaal, maar dit is egter beleid dat die Fonds slegs vir een gehoorstuk betaal. My eggenote het onlangs 'n nuwe stel kry en ek het vir die tweede een betaal, maar wel teen minder as die helfte die prys as wat dit deur 'n privaat fonds sou kos. As daar deur 'n eerbare Oorkundige gewerk word sal die tweede een teen kosprys verskaf word".

FUNKSIONERING VAN DIE SMMVF

18. Terugrapportering na Onderhoud by die SMMVF. Tony Dippenaar van Cela doen soos volg verslag:

“Ek het op 22/02/2018 ‘n lang onderhoud met dr Anushka Jamuna die Fonds se ‘Principal Officer’ gehad. Ek is besonder goed ontvang en was beindruk met die openhartigheid en erns waarmee die aangeleentheid hanteer is. Sy is goed ingelig en weet presies wat aangaan. Ek deel Kallie Brocker se siening dat ons geen bedenkinge oor die funksionering van die Fonds se Bestuur moet koester nie. Ek kon die oorsake van die problem stel en dr Jamuna het my gelyk gegee en voorts verduidelik wat reeds gedoen en bereik is. Interne prosedures en skakeling met SAMGD is opgeknap en ingestel, terwyl verskeie gesamentlike beplanningsessies reeds gehou is. Die Minister van Verdediging en H SANW is deeglik op hoogte van die onaangename waarhede. Daar is twee besonder deurslaggewende maatreëls in die pyplyn, wat ‘n groot impak op die situasie gaan hê. Dit sal egter moontlike implementering kompromitteer deur dit nou reeds bekend te maak. Ek wil beklemtoon dat ek nou weer ‘n mate van optimisme het dat die Fonds gered kan word. In die lig hiervan sal die Aksiegroep vir eers net ‘n monitorfunksie uitvoer.

Die Fonds se bestuur het egter ‘n probleem in dat hulle nie oor alle lede se kontakbesonderhede beskik nie en versoek dat ons lede dit op datum hou. Hulle oproepsentrum se nommer is 012-679 4200 en die webblad is by www.rfmcf.co.za. Klagtes kan by complaints@rfmcf.co.za ingedien word en algemene navrae is by info@rfmcf.co.za. Die besonderhede wat die Fonds verlang verlang is naam , VP nommer, huisadres, posadres, telefoon en selnommer en e-posadres”.

19. Hercules du Plessis van Personeel

“Ek is bly Tony het dieselfde positiewe ervaring as ekself gehad met sy gesprek met Dr Jamuna. Dit is verblydend om te verneem dat betekenisvolle regstellende stappe onderneem word en wat ek aflei uit Tony se verslag, is dat die regte stappe onderneem word. Die aangewese is dat ons, soos Tony suggereer, vir eers eerder ’n moniteringsrol sal speel. Omdat die saak skynbaar nou aktief op die militêre bevelskader se vlak aandag geniet, moet ons liefs nie op uitvoerende grondvlak mense betrek nie. Die mense doen wat vir hulle opgedra is met die bronne wat tot hul beskikking geplaas is en is nie in ’n posisie om die kwessie self op te los nie”.

20. Dankbetuiging deur MS du Toit van die Infanterie en Afd Inl

“Baie dankie aan Tony Dippenaar en sy Aksiegroep wat bereid is om die leisels vir ons mediese fonds te begin vashou. Ek is vol vertroue in julle vermoë en is seker dat baie lede beskikbaar sal wees vir hulp. Ek kan weens my gesondheid nie ‘n hand beskikbaar stel nie, maar ondersteun beslis enige optrede”.

21. Wysiging van die Taakgroep se Funksie

Thys Lübbe sê baie dankie vir die honderde berigte wat hy die afgelope twee weke van die Veterane ontvang het om hulle ondersteuning vir die totstandkoming en mandaat van die Aksiegroep te betuig. In die lig van Tony Dippenaar se terugvoer na sy besoek aan dr Anushka Jamuna soos hierbo in par 17 uiteengesit en gegewe van dit wat tans reeds op hoë vlak in die pyplyn is, word die Aksiegroep vir eers op die ys geplaas. Indien dit egter nodig is, sal daar in die toekoms wel weer vrywilligers betrek word. Baie dankie vir die positiewe reaksie aan ieder en elke Veteraan”.

22. Appointment of Specific Hospitals by the RFMCF

The RFMCF has made known that it is on a drive to contain costs to ensure its sustainability. For this reason, the RFMCF Board decided to appoint Designated Service Providers (DSPs) in the hospital environment as this is the highest cost driver. The RFMCF has negotiated discounted rates with certain appointed hospital groups, leading to the appointment of the following DSPs:

Province	DSP Hospitals
Gauteng	Mediclinic, National Hospital Network (NHN) and Clinix
Western Cape	Mediclinic and Life Healthcare
Free State	Mediclinic and Life Healthcare
Limpopo	Mediclinic and NHN
Mpumalanga	Mediclinic and Life Healthcare
North West	Mediclinic and NHN
Northern Cape	Mediclinic and NHN
Kwazulu-Natal	Joint Medical Holdings (JMH) and Life Healthcare
Eastern Cape	NHN and Life Healthcare

From 01/03/2018 members who voluntarily make use of a non-DSP hospital will incur a non-refundable 30% co-payment of the total hospital bill, which will be payable to the hospital directly. Communication regarding this implementation will also be sent to the SAMHS and they will give authority according to the appointed DSPs. Should you require any further information, please contact the Client Service Centre on 012-679 4200 or send an e-mail to info@rfmcf.co.za . The Client Service Centre is operational Monday to Friday between 08:00 and 16:00, excluding public holidays.

TOEKOMSTIGE OORLOë

23. USN Plans to Develop Shipboard Defensive Laser Weapons

In Arne's MN it was reported that the USN has proposed spending $299 million in 2019 on laser systems to protect ships against current and anticipated future threats. For nearly a decade the Navy has considered laser technology a more cost-efficient and effective tool to protect ships from emerging threats such as unmanned aerial vehicles and small patrol craft that could swarm a surface ship. The SAN wants to purchase four ship-mounted Surface Navy Laser Weapon Systems which include a High Energy Laser with an integrated low-power laser dazzler. If successful, this system would provide ships with a new means of countering unmanned aerial vehicles, fast inshore attack craft and adversary intelligence, surveillance and reconnaissance assets. The ultimate goal is to improve the ability of ships to defend themselves against anti-ship cruise and ballistic missiles.

24. Unmanned Combat. In a previous issue of Angel's MN it was reported that the Singapore Navy is moving towards an unmanned future. One of the readers commented as follows:

"Autonomous (driver-less) road vehicles, involving various kinds of sensors (cameras, radar, lidar) coupled with artificial intelligence, all of which are developing rapidly, are already on the road. Unmanned warships cannot be far behind. I would venture to suggest that there will not be anything that moves on land, sea or in the air with a human operator in 30 years' time. Safety will be vastly improved without the possibility of human error".

EIETYDSE MILITêRE GESKIEDENIS

25. Op Reindeer : Skripsie oor die Lugstormaanval op Cassinga op 04/05/1978

Deon van Zyl van die Seiners het 'n lywige skripsie van 81 bladsye aangestuur wat Frederick Willem Mostert ter vervulling van sy BA Honneurs by die UOV in Mei 1993 voorgelê het. Mostert is self 'n Veteraan van die Bosoorlog. Die dokument kan op die webblad by parabat.org.za/wp-content/uploads/2017/08/Cassinga-dok.pdf gelees word. In die voorwoord tot die skripsie verskyn die volgende aanhaling uit die militêre tydskrif, Paratus, wat deur McGill Alexander geskryf was toe hy Bev 44 Valsk Bde was:

Just as Arnhem has a special significance for the British paratrooper, Crete for the German paratrooper, Bastogne for the American Paratrooper and Dien Bien Phu for the French paratrooper, so Cassinga evokes a spirit common only to paratroopers in the South African Army.

Nota. Met McGill se navorsing vir sy MA verhandeling het hy van Mostert se skripsie kennis geneem wat tot 1993 die enigste akademiese navorsing oor die operasie was. Mostert het egter nie toegang tot enige argivale materiaal toegang gehad nie, want die amptelike lêers was toe nog nie gedeklassifiseer nie.

26. Doctoral Study on SADF Assistance to UNITA

Quint Hoekstra states from the University of Manchester that he "… is writing doctoral dissertation on the effect of SADF assistance to UNITA during the Border War and would like to speak to people who were in Angola at that time. I am particularly interested in hearing what it was like to fight alongside UNITA forces, as well as details about the SADF assistance programme. My e-mail address is quint.hoekstra@manchester.ac.uk and I would appreciate it if those involved could contact me".

27. Beplande Reeks oor Hoofde van die UVM en SAW in die Nonggai

Hennie Heymans van die ZARPe noem dat hy "… reeds die afgelope nege jaar die Nongqai uitgee en oor drie maande sal die reeks oor die Kommissarisse van die Polisie tot 'n einde kom. Ek doen 'n beroep op 'n krygshistorikus om vir ons 'n reeks oor die verskillende hoofde van die UVM en SAW op te stel, sodat daar elke maand een aan die beurt kom met sy foto wat op die voorblad sal verskyn. Die reeks sal met die stig van die UVM in 1912 begin en die reeks sal met genl Georg Meiring tot 'n einde kom. Ons moet alles in die stryd werp om ons eietydse krygsgeskiedenis te bewaar, want niemand gaan dit vir ons doen nie! My e-posadres is heymanshb@gmail.com"



28. Informasie Benodig vir *Ons Was Daar : Walvisbaai*. Gert van Niekerk van die Geskut is saam met Paul Els besig met hierdie boek en verwittig soos volg:

"Met die vele bydraes in terme van verhale en foto's wat ons vir die boek ontvang het, is 'n tydlyn van gebeure saamgestel ten einde die bydraes so na as moontlik chronologies te rangskik en periodes van leemtes in die inhoud te identifiseer. Die volgende tydperke gaan egter nog gebrek aan genoegsame bydraes vir inligting:

1960 – 1966
1972 - 1973
1976 – 1977
1980 - 1981
1982 – 1984
1990 – 1994

Die SAV se aktiwiteite domineer na Aug 1987, terwyl die SALM se bydraes oor die algemeen maar dun om die lyf is.

Ons benodig veel meer inligting oor die volgende:

* Herinneringe aan gebeure in die operasionele gebied.

* Die Resolusie 435-periode van afskaal /onttrekking/oorhandiging veral met betrekking tot D Esk, 43 Vd Bty, asook die ondersteuningseenhede vanaf 1988 tot 1994.

* Wat het van die Bevelvoerders se dagboeke geword?

* Waar en hoe is die eenheidsvaandel in bewaring geneem?

4. Walvisbaai se Veterane wat alreeds indiwidueel genader is vir inligting word versoek om 'n aanduiding te gee of hulle kan bydra of nie.

Stuur insette asseblief na my e-posadres by gert21151@gmail.com".

29. Presentation at Conference in Angola in 2015 on Op Savannah

Dr Willem [Kaas] van der Waals of the Paratroopers reports that he and his wife Estelle had visited Luanda in 2015, where they lived for three years in the early 1970s, as guests of the Angolan Armed Forces. On 26/08/2015 he was a guest speaker at a conference with the theme 'Angola : 40 Years of Independence and National Liberation'. Representatives of the three liberation movements discussed their struggles in Eastern Angola from 1966 to 1974, while FAPLA's reaction was also highlighted. Prof Vladimir Shubin of Russia dealt with Soviet support to the liberation struggle and Gen Pezarat Correia described the difficult process of Angolan decolonization. The theme of the Conference largely coincided with the contents of the book by Kaas, namely *Portugal's War in Angola 1961-1974* [2nd Edition, Protea Book House, 2011] which was also published in Portuguese in Lisbon during May 2015.

Kaas delivered his lecture in Portuguese on *'Op Savannah : SA Support to UNITA : The Beginning (23/09 to 15/11/1975'*. This was a personal account of his experiences as the first contingent commander and liaison officer with UNITA and included the first confrontation with FAPLA at Norton de Matos on 05/10/1975, as well as the establishment and operations of Combat Gp Foxbat. The next lecture was delivered by three retired Cuban generals in uniform, titled '*Operation Carlota 1975-76 in the context of the Cold War'.* This was 90 minutes of propaganda of achievements and anti-imperialist and anti-racist sacrifices which did not stop in 1976 but, as expected, also included reference to the '... glorious heroic battle

of Cuito Cuanavale'. According to the Cuban account this 'battle' was a massive and humiliating defeat of the 'racist SADF' which soon after led to Namibian independence and finally also to the democratization of the RSA. When the Cubans finished we were already an hour behind schedule and no questions were allowed. Kaas, however, requested and was allowed to briefly comment. Kaas mentioned that he had done proper research into the 1987-88 operations and that certain Cuban statements about the so-called 'Battle of Cuito Cuanavale' may in the interest of the truth not remain unanswered. He referred to the Preface of his Portuguese book and quoted: '*Various Soviet and Cuban-backed offensives aimed at destroying UNITA in its southeastern Angolan stronghold failed, largely due to South African intervention. The last of these major offensives, commencing in August 1987, drastically changed the strategic situation in Southern Africa. UNITA and the SADF inflicted a heavy and demoralizing defeat on the MPLA and their Russian and Cuban supporters after which a stalemate ensued'*. There was no 'Battle' as it is a myth and part of the propaganda war we lost. As many know we are people of the deed rather than the word. He agreed that this was a brilliant propaganda offensive which had succeeded in establishing the 'battle' theme firmly internationally. Propaganda is based on some, useful and selected facts, but the full and objective facts present a different picture.

During a function after the conference various Angolan officers and academics congratulated Kaas but also stated that they still supported the Cuban interpretation. One senior Angolan officer remarked to Kaas that it still required three Cuban generals to handle one South African.

Note. A. transcript of the presentation of Kaas on *'Op Savannah : SA Support to UNITA : The Beginning (23/09 to 15/11/1975)'* can be requested from Kaas on his e-mail address at wevdwaals@gmail.com.

NUWE MILITêRE BOEKE

30. Boek oor Plaasaanvalle in die RSA

Dr Kriek van der Merwe van die Infanterie noem dat hy 'n "… boek geskryf het met die titel *Sakgids vir die Beveiliging van Woning, Hoewe en Plaas,* waarin 400 plaasaanvalle ondersoek is. Die foute wat gemaak is en die lesse wat geleer kan word is geboekstaaf, asook die aanduidings van 'n moontlike aanval en die voorkomende en noodprosedures wat gevolg moet word. My e-posadres is kriek1953@gmail.com".

31. *Suid-Afrika se Vlootmagte : 1922-2012*

Arne states that "… this new and remarkable book on the SAN by the well-known naval academic, Andre Wessels, has recently been published. What makes it a valuable addition to other publications on the Navy is the depth of research on the ships and their employment and visits during the ninety years it covers. Other than Cdre Goosen's *Ons Vloot: Die Eerste Vyftig Jaar* it is the only other naval publication in Afrikaans. I would certainly recommend it as an excellent reference book. It is published by Sun Press (African Sun Media) and can be ordered on line for a very reasonable R280 a copy".



32. *Iron Fist From The Sea*

The revised book will be available in all bookstores in May 2018 in both Afrikaans and English and will include photos never seen before. it is published by Bush War Books at sales@warbooks.co.za.

33. *Executive Outcomes - Against all Odds*

The revised edition is now near completion and the publication date should not be later than 01/05/2018. The reprint is very different from the first publication and has a lot more information. There will also be hardcover books as well as 100 with a commemorative EO coin.



PAUL ELS SE BOEKE

34. NTR.

ALGEMENE ASPEKTE

35. Opspoor van Uitstaande of Verlore Medaljes

Johann du Preez van die SAW Vereniging (SAWV) noem "… dat die SAWV se Projek Golden Eagle daarop fokus om lede te help om hul uitstaande of verlore medaljes te bekom. Rig asseblief navrae aan my e-posadres by johann.dupreez@milvets.co.za waarna 'n vraelys voorsien sal word vir voltooiing, sodat ons jou kan bystaan om jou medaljes te kry.

36. Newsletter of the Naval Officers' Association of Southern Africa

Angel states that the Newsletter for Mar 2017 is available and can be requested from the Secretary, John Lamont, at glentyne@yebo.co.za.

37. SAMIVA News Bulletin for Mar 2018

Michael Huxtable of Army Intelligence is the editor of the News Bulletin of the SA Military Intelligence Association (SAMIVA). Mike advises that the Bulletin for Mar 2018 is available on request from his e-mail address at huxtablemv@gmail.com.

38. Decision to Affiliate with the the Council for Military Veterans' Organisations (CMVO)

The decision taken at the AGM of SAMIVA in Colesburg on 24/02/2018 to affiliate with CMVO and the resultant actions and advantages are explained fully in the above Bulletin.

39. Distribution of Wealth in the USA

The sketch shows that the tremendous gains in wealth for the few have come directly at the expense of most working-class people. This is what is driving the anger, the radical politics and the growing racism in the American society.



WELSYNSINISIATIEWE

40. NTR.

NUUS OOR DIE VETERANE-ORGANISASIES

41. Inleiding

Hierdie groephoof is geskep met die spesifieke doel om aan die Veterane-organisasies 'n forum te bied waar hulle die breër Veterane-gemeenskap oor hulle onderskeie aktiwiteite kan inlig. Maak gerus gebruik daarvan.

42. SAMIVA se AJV en Onthulling van Gedenksteun en Museum

Pieter Liebenberg rapporteer dat "... lede van SAMIVA tussen 23 en 24/02/2018 op Van Zylsvlei, 'n Gasteplaas naby Colesberg, vir die AJV bymekaargekom het, maar ook om die SAMIVA Gedenksteen ter nagedagtenis aan gestorwe SA Militêre Inligtingslede formeel te onthul, om die SAMIVA Museum te open en om Internasionale Militêre Inligtingsdag (jaarliks op 5 Feb) te vier. Tydens 'n gewyde seremonie met laaste lig op 24/02/2018, is die Gedenknaald volgens Militêre Protokol onder leiding van Charles Laubscher, die voormalige Sersantmajoor van die SA Leër, paslik ingewy. Dit is gevolg deur 'n kransleggingseremonie, terwyl die klanke van Aandsinjaal weerklink het. Die seremonie is afgesluit met die Oggendsinjaal en die Nasionale Volkslied. Na die seremonie is die SAMIVA Museum amptelik deur Deon Dohne, die eienaar van Van Zylsvlei geopen. Die aand is met 'n spitbraai afgesluit, waartydens die Inligtingskamerade tot laat gekuier het.

Tydens die AJV is die volgende Dagbestuur vir die volgende termyn verkies:

Voorsitter - Pieter Liebenberg
Adjunk Voorsitter - Deon Dohne
Sekretaris - Kevin Riddin
Penningmeester - Johan Labuschagne
Protokollid - Charles Laubscher

Die foto's toon die Gedenksteen, ingang na die museum en die twee senior bestuurslede:

43. <u>Verslag in die Volksblad</u>

Die bogenoemd artikel, asook die foto hieronder wat die makkers aantoon wat die geleentheid bygewoon het, het in die Volksblad van 07/03/2018 verskyn.

ASPECTS CONCERNING OUR PENSION FUND (GEPF)

44. Statement by the Association for Monitoring and Advocacy of Government Pensions (AMAGP). AP Stemmet has issued the following statement to the media on behalf of AMAGP:

AMAGP notes that the Public Service Association (PSA) is encountering similar problems to that of the AMAGP. Questions pertaining to the pension fund are simply not answered by the Minister of Finance or the GEPF. Since 11/03/2016 not a single question posed by us were responded to. The questions were straight forward and did not relate to classified matters. After more than a year, Dries de Wit, the Vice-Chairman of the Board of Trustees, has informed AMAGP that the Board refuses to respond to our questions. The Trustees also effectively blocked the Public Investment Commission which was quite willing to answer our questions.

On 17/11/2017 our organisation wrote as letter to each trustee member with a hope to elicit some answers and obtain information important to workers and pensioners. No response. On 18/12/2017 the questions asked by the AMAGP in a press release was sent to the GEPF but was also ignored.

Reaction by the Trustees can only be described as being in broad terms and evasive in similar manner to which they respond when appearing before Parliamentary Committees and when they are addressing meetings of pensioners. The attitude of the Board of Trustees urgently needs to be addressed and remedied. Transparency is very important for pensioners. Trustee members should realise that the fund belongs to its members and that they are only paid custodians thereof. Their attitude gives rise to suspicion that the Trustees have something to hide.

45. Process for the Election of Trustees

The GEPF has stated that "… Pensioners can either vote electronically, or via the postal ballot paper that will be sent by post. A unique ballot number is assigned to each membership number. In order to vote electronically, please click here to authenticate yourself as a GEPF Pensioner by entering your Unique Ballot Paper Number, your Pension number, including the letters that appear with it and ID Number. Once you have been authenticated, you can choose to study the Candidate CV Booklet and vote for the one candidate of your choice and submit**.** Please note that your vote cannot be changed once you have submitted it. Pensioners have until midday on 03/04/2018 to cast their vote. Should you have any queries please do not hesitate to contact 0800 55 66 73 or send an e-mail to elections@gepf.co.za

46. Aanbeveling as 'n Trustee

AP Stemmet verwittig dat "… daar 35 kandidate is. Persoonlik verkies ek nommer 5 op die lys, naamlik Stan Davis en stel voor dat die Pensionarisse vir Stan Davis stem. Hy is gegradueerd, het ondervinding van diens in die fiansiële omgewing en by die OBK en het 'n gesonde benadering oor finansies en beleggings. Hy sal nie rondgestoot word nie. Stan het pas daarin geslaag om die PSA te oortuig dat hulle alle staatsdiendoensioentrekkers moet akkommodeer, onder andere ook die SANW en SAPD wat tans nêrens inpas nie. Tans word duisende staatsdiendoensioentrekkers nie deur vakbonde akkommodeer nie, terwyl daar in die Parlement net na vakbonde geluister word. Drie van ons het n lang onderhoud met hom gevoer en kan hom aanbeveel. Vriende en kennisse kan dus gerus aangemoedig word om vir Stan te stem".

47. Versoek vir Steun aan AMAGP

AP noem ook dat "… 'n sterk AMAGP en sterk vakbond soos die PSA berge sal kan versit. Te veel van ons mense sit nog rustig handjies gevou en sluit nie by ons aan nie en ons kry die indruk dat Pensioentrekkers steeds nie glo dat daar 'n ernstig fout by ons Pensioenfonds is nie en dat ons 'n verdere verval moet keer nie. Dit terwyl ons getalle nodig het. Ons het al selfs lidmaatskap gratis aangebied maar dit help steeds nie, want daar is steeds te veel kykers en praters en nie deelnemers nie. Ons het getalle dringend nodig om ons optrede te steun".

48. FaceBook-blad van AMAGP

As Kleynhans van die Lugafweer noem dat hy "… in die toekoms die FaceBook-blad van AMAGP sal bedryf en ook met werwing sal help. As ek kyk na die getal lede wat AMAGP het en
hoeveel mense by die FaceBook-blad aangesluit het, dan is dit duidelik dat nie veel van ons makkers betrokke is nie. Die meerderheid het tog met pensioen afgetree en ons moet besef dat ons die eienaars van die GEPF is en beslis nie die staat nie! Die Raad van Trustees en hulle agent, die Openbare Beleggingskorporasie, het die verantwoordelikheid om ons fonds in ons beste belang te bestuur en te belê.

Dit is elke pensioenaris se verantwoordelikheid om te verhoed dat ons pensioen op enige wyse bedreig word. Die bestuur van AMAGP het nou 'n dringende behoefte dat 'n groot aantal van die ongeveer 400 000 van die staatsdiens se pensioenarisse deel te word om ons belange met gesag te kan beskerm. Dienende staatsamptenare het vakbonde wat namens hulle kan praat, maar dit is net AMAGP wat namens die pensioenarisse kan optree. Ek doen 'n beroep op elke pensioenaris om by AMAGP aan te sluit. Ek vertrou dat, soos tydens ons jare in die Weermag, ons weereens sal saamstaan om 'n verskil te maak".

49. Notule van AMAPP se Algemene Jaarvergadering (AJV)

Errol Massey-Hicks noem dat die notule van die AJV, wat op 15/02/2018 in Centurion gehou is, vanaf sy e-posadres by amagp.sek@gmail.com aangevra kan word.

50. Persverklaring oor Mislukking van VBS Bank

AP Stemmet het op 12/03/2018 'n persverklaring uitgereik waarin gemeld word dat "… die GEPF 'n aandeel van 25% in die bank het. Weereens is daar roekeloos en nalatig met pensioenarisse se geld omgegaan. Hoe lank moet Pensioentrekkers nog die skade van onbevoegde beleggers duld? Dit is hoogtyd dat die GEPF se Trustees aanspreeklik gehou word, want die beleggings is onwettig en roekeloos gedoen. Om vrae aan die Trustees te stel sal niks help nie, want die Moniteringsgroep wag nou al twee jaar op antwoorde. Regsoptrede is nou al uitweg. Ons kyk watter vakbond regstappe doen om werkers en Pensioenarisse se geld van die Trustees te verhaal".

SOEKTOGTE

51. Waar is JEA (Bert) Cloete van die LO Tak by die SA Leërkol?

Koos de Wet wil graag kontak maak met Bert en noem dat sy e-posadres rkdewet@gmail.com is.

52. Waar is Corrie Pretorius van die Seiners?

Deon van Zyl van die Seiners noem dat daar op die SA Seinkorps se blad op FaceBook na Corrie navraag gedoen word. Deon se e-posadres is deon.avanzyl@gmail.com.

53. Waar is Kol Saayman van die Infanterie?

Tinus de Jager van die Infanterie is op die soek na die bogenoemde, algemeen bekend as Saai, wie die laaste Bev Sektor 70 was. Tinus se e-posadres is dejagertm@gmail.com.

54. Waar is Terrance Gush van die SALM?

Gert van Niekerk van die Geskut moet met Terrance kontak maak oor sy en Paul Els se boek oor Walvisbaai. Gert se e-posadres is gert21151@gmail.com.

GELEENTHEDE, FUNKSIES EN KURSUS- EN ANDER RE-UNIES

55. Ete van Centurion Etegroepie op 22/03/2018

Die volgende ete van die vrolike Veterane in Centurion vind om 12:00 vir 12:30 op Donderdag 22/03/2018 by die Bosvelder Restaurant plaas. Verwittig Johann by isajohan@johannisa.co.za indien u wil inskakel. Die foto hieronder is by die ete op 22/02/2018 geneem.

NETWORKING

56. Assistance with the Renewal of a Driver's License
Arlene Bronkhorst of the SADF Association says that MFG Accountants offers a service to renew a driver's license. There is no need to queue and one can make an appointment during the week or on a Saturday for an additional R300. Register on the link at https://onlinecompanysa.co.za/book/ to book an appointment. The following must be taken along to the appointment:

- The booking confirmation, printed and signed in black pen.
- Valid eye test not older than three months.
- Valid ID document.
- The amount of R228 (subject to annual increase) for the renewal of the drivers license.

57. Terugbetaling van Belasting vir Diens in SWA

Johan van Wyngaard van Leërinligting verwittig, vir wat dit werd mag wees, dat Deon Cilliers, ‘n rekenmeester in Kaapstad, vir hom “ ... ingelig het dat lede van die SAW en SAP wat vir ’n tydperk in SWA ontplooi was, se pensioen wat hulle ontvang tegnies gedeeltelik nie-belasbaar is vir die periode wat hulle daar was. Die Departement van Finansies is veronderstel om die toedeling te maak by die uitbetaling van die maandelikse pensioen, maar hulle doen dit nie. Die formule wat gebruik moet word, is diensmaande in SWA gedeel deur totale diensmaande maal die pension om die nie-belasbare gedeelte per jaar te bereken. Die SAID het ‘n wetswysiging laat goedkeur om hierdie aftrekking vanaf 01/03/2017 te staak, maar het nou ‘n venstertydperk bepaal waarby eise vir vorige periodes ingedien kan word. Volgens Deon is die eerste hekkie om die regte amptenaar by die SAID te vind wat bereid sal wees om ons te help. Dit is blykbaar nie baie geld nie, maar ek is seker dat lede wat kwalifiseer die geld nuttig sal kan gebruik. Deon sal die taak vir 25% van die uitbetaling hanteer, maar geen koste hef indien daar geen uitbetaling is nie. Deon se e-posadres is info@assistax.co.za”.

ADMINISTRASIE

58. Nuwe Lede

* Johan La Grange

* Pieter (Lieb) Liebenberg

LAASTE LAWWE (EN SOMS ERNSTIGE) STUKKE

59. Niks.

SLOT

60. En op hierdie treurige noot, word al die makkers ‘n voorspoedige res van die maand toegewens.

Johann

VRYWARINGSKLOUSULE

61. Hierdie Nuusbrief bevat die uiteenlopende en diverse persoonlike menings van Militêre Veterane en die Opsteller van die Nuusbrief kan nie in sy persoonlike hoedanigheid daarvoor verantwoordelik of aanspreeklik gehou word nie.